

## Graan SA Oggend Markkommentaar

| GRAIN SA<br>GRAAN SA   | DATUM<br>2017/09/21 | DATUM<br>2017/09/20 |         | + - WEEK GELEDE<br>2017/09/11 |   | + - MAAND GELEDE<br>2017/08/21 |         | + - JAAR GELEDE<br>2016/09/19 |                  |    |
|--|---------------------|---------------------|---------|-------------------------------|---|--------------------------------|---------|-------------------------------|------------------|----|
|  | Data                | Δ                   | Δ%      | Data                          | Δ%  | Data                           | Δ%      | Data                          |                  |    |
| DJIA-index   | 22413               | 41.79               | ↑ 0.2%  | 22371                         | ↑ 2.8%  | 21798                          | ↑ 3.4%  | 21675                         | ↑ 23.7% 18120    |    |
| Goud (Spot)  | 1298.50             | -13.72              | ↓ 1.0%  | 1312.22                       | ↓ 2.9%  | 1337.86                        | ↑ 1.0%  | 1286.27                       | ↓ 1.3% 1316.06   |    |
| Brent \$/vat   | 56.02               | 0.71                | ↑ 1.3%  | 55.31                         | ↑ 3.7%  | 54.04                          | ↑ 6.5%  | 52.59                         | ↑ 22.3% 45.81    |    |
| 1 € / US\$   | 1.1882              | -0.013              | ↓ 1.1%  | 1.2016                        | ↓ 1.1%  | 1.2015                         | ↑ 1.1%  | 1.1750                        | ↑ 6.4% 1.1172    |    |
| 1 US\$ / ZAR   | 13.34               | 0.100               | ↑ 0.8%  | 13.24                         | ↑ 3.4%  | 12.90                          | ↑ 1.3%  | 13.17                         | ↓ 4.7% 14.00     |    |
| Corn   | R 1 838.09          | 24                  | ↑ 1.3%  | R 1 813.88                    | *CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day         |                                |         |                               |                  |    |
| Wheat  | R 2 178.31          | 40                  | ↑ 1.9%  | R 2 137.91                    | * CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day |                                |         |                               |                  |    |
| Soybeans   | R 4 705.93          | 40                  | ↑ 0.9%  | R 4 665.84                    | * CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day     |                                |         |                               |                  |    |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) |                     |                     |         |                               |   |                                |         |                               |                  |    |
| Corn Sep 17  | 350.00              | 2.00                | ↑ 0.6%  | 348.00                        | ↑ 2%  | 344.00                         | ↓ -1%   | 352.00                        | ↓ -5% 368.00     |    |
| Wheat Sep 17   | 449.00              | 5.00                | ↑ 1.1%  | 444.00                        | ↑ 9%  | 413.00                         | ↑ 8%    | 416.00                        | ↓ -3% 462.75     |    |
| Soybeans Sep 17  | 970.00              | 1.00                | ↑ 0.1%  | 969.00                        | ↑ 1%  | 956.00                         | ↑ 4%    | 937.00                        | ↓ 0% 972.50      |    |
| SORGHUM Dec '17  | 2750.00             | 0.00                | ↑ 0.0%  | 2750.00                       | ↓ -1.8%   | 2800.00                        | ↓ -3.2% | 3170.00                       |                  | NA |
| WMAZ Spot  | 1833.00             | -8.00               | ↓ 0.4%  | 1841.00                       | ↑ 1.2%  | 1811.00                        | ↑ 1.0%  | 1815.00                       | ↓ -2.3% 3841.00  |    |
| WMAZ Dec 17  | 1899.00             | -18.00              | ↓ 0.9%  | 1917.00                       | ↑ 0.5%  | 1889.00                        | ↑ 3.6%  | 1833.00                       | ↓ -51.0% 3878.00 |    |
| WMAZ Mar 18  | 1937.00             | -18.00              | ↓ 0.9%  | 1955.00                       | ↑ 0.4%  | 1929.00                        | ↑ 1.1%  | 1916.00                       | ↓ -19.0% 3796.00 |    |
| YMAZ Spot  | 1949.00             | -12.00              | ↓ 0.6%  | 1961.00                       | ↑ 0.7%  | 1936.00                        | ↑ 0.2%  | 1945.00                       | ↑ -38.6% 3175.00 |    |
| YMAZ Dec 17  | 2011.00             | -19.00              | ↓ -0.9% | 2030.00                       | ↑ 0.2%  | 2006.00                        | ↑ 2.4%  | 1963.00                       | ↑ -37.8% 3231.00 |    |
| YMAZ Mar 18  | 2057.00             | -18.00              | ↓ 0.9%  | 2075.00                       | ↑ 0.3%  | 2050.00                        | ↑ 0.8%  | 2041.00                       | ↑ -35.3% 3181.00 |    |
| SOY Spot   | 4702.00             | -17.00              | ↓ 0.4%  | 4719.00                       | ↑ 1.1%  | 4650.00                        | ↑ 3.8%  | 4528.00                       | ↑ -26.8% 6420.00 |    |
| SOY Dec 17   | 4824.00             | -20.00              | ↓ 0.4%  | 4844.00                       | ↑ 1.0%  | 4775.00                        | ↑ 5.9%  | 4554.00                       | ↑ -25.7% 6490.00 |    |
| SUN Spot   | 4803.00             | -10.00              | ↓ 0.2%  | 4813.00                       | ↑ 1.9%  | 4715.00                        | ↑ 2.6%  | 4682.00                       | ↑ -24.4% 6350.00 |    |
| SUN Dec 17   | 4887.00             | -21.00              | ↓ 0.4%  | 4908.00                       | ↑ 0.8%  | 4849.00                        | ↑ 3.9%  | 4703.00                       | ↓ -25.1% 6525.00 |    |
| WHEAT Spot   | 4350.00             | 120.00              | ↑ 2.8%  | 4230.00                       | ↑ 4.3%  | 4170.00                        | ↓ -6.8% | 4666.00                       | ↑ 6.5% 4084.00   |    |
| WHEAT Dec 17   | 3974.00             | -6.00               | ↓ 0.2%  | 3980.00                       | ↑ 0.7%  | 3946.00                        | ↓ 1.2%  | 4024.00                       | ↓ 0.6% 3999.00   |    |
| NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERS LAE  |                     |                     |         |                               |   |                                |         |                               |                  |    |

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend weer swakker as die vlakte waarteen dit gister-middag met marksuiting verhandel het en verhandel vanoggend teen R13.32/\$. Die rand het gister deur die loop van die oggend versterk tot en metvlakte van 13.24/\$ na die verbruikersprysindeks gister-oggend bekend gemaak was vir Augustus. Die VPI het in Augustus toegeneem tot en met 4.6% vanaf die 4.6% in Julie 2017 met die voedsel en nie-alkoholiese verversings sowel as die vervoer wat bygedra het tot die effense toename in die inflasiesyfer terwyl meeste van die ander groepe meestal onveranderd gebly het. Die verwagting in die mark was dat die inflasiesyfer effens kon toeneem in Augustus met die branstofpryre wat ook toegeneem het gedurende Augustus. Die SARB maak vandag hul rentekoersbeslissing bekend en die verwagting in die mark is dat die rentekoers met ongeveer 25 basispunte kan daal. Die inflasiesyfer is steeds gemaklik tussen die SARB se teikenvlakte van 3 en 6%. In die internasionale konteks het die VSA se Federale Reserwebank gister hul rentekoerse onveranderd gelaat, maar het egter genoem dat daar moontlik 'n verhoging kan wees aan die einde van die jaar. Die Brent ruoliepryre het verder toegeneem en verhandel teen die hoogste vlak sedert Maart 2017. Die pryre het ondersteuning gevind met die verwagting in die toename in die vraag na olie sowel as die verwagting dat OPEL weer die olie uitset behoort te beperk om die mark te ondersteun. Die olie verhandel teen 'n vlak van %56.02/vat vanoggend.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliepryre het gister ondersteuning gevind en hoër verhandel met goeie koopkrag wat in die mark gesien was. Die mieliepryre het vir beide die Desember en Maart kontrak sterker verhandel. Die stroop van mielies in die VSA is aan die gang en die fokus in die internasionale markte is tans op die tempo van die stroopproses en was in die nuutste USDA verslag vir die week op 7% voltooi gerapporteer. Die ander fokuspunt tans in die Amerikaanse mark is die uitvoerverkope en die verwagting vir die week se uitvoerkopeverslag wat later vandag deur die USDA bekend gemaak word, is dat die verkope vir die week effens hoër behoort te wees as verlede week se uitvoerverkope. Verlede week se uitvoere was op 713 778 ton gerapporteer. Die etanol produksie vir die week het gedaal vanaf die vorige weke se hoë produksies wat gesien was in die mark, wat veroorsaak dat die verwagting vir die eindvoorraadvlakte effens laer is. Die eindvoorraadvlakte word egter steeds geskat om hoër te wees as in 2016. In die internasionale mielieemark is die eindvoorraadvlakte vir die seisoen ook redelik hoog, wat die internasionale pryre onder druk hou. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryre het gister weereens laer verhandel, wat die 3de agtereenvolgende sessie was vir die week waarin dat laer verhandel het. Die mark toon nie baie beweging nie en verhandel grootliks in lyn met die daaglikske pariteit. In gister se weeklike SAGIS leweringsyfers was die WM lewerings vir die week op 30 761 ton gerapporteer en die YM lewerings vir die week op 50 892 ton gerapporteer. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 14 466 miljoen ton.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en sterker verhandel met nog groot uitvoerverkope wat vir die dag gerapporteer was deur privaat uitvoerders. Gister se groot uitvoerverkope wat gerapporteer is, was die agste daaglikske verkope wat in die afgelope 9 dae gerapporteer was en dit het goeie ondersteuning aan die mark gebied. Die daaglikske verkope wat gerapporteer was na China en onbekende bestemmings, met die verkope na die onbekende bestemmings wat een van die top tien grootste uitvoerverkope is sedert die USDA rekord hou daarvan in 1977. Van hierdie uitvoerverkope is 90% vir levering in die 2017/18 seisoen en die oorblywende 10% vir levering in die 2018/19 bemarkingsjaar. Die handelsverwagtinge vir die week se uitvoerverkope, is dat die weeklike verkope effens hoër as verlede weekse uitvoerverkope behoort te wees. Die weeklike uitvoerslag word later vandag deur die USDA bekend gemaak. Ten spye van die rekord verwagte Amerikaanse produksie vir die seisoen, vind die pryre steeds goeie ondersteuning by groot uitvoerverkope wat aandui op 'n goeie toename in die vraag na sojabone internasionaal. Die weersomstandighede in die Suid-Amerikaanse lande sal fyn dopgehou word in die volgende paar weke met die aanplantings wat daar aan die gang is. Die VSA en Suid-Amerika produseer meer as 80% van die wêreld se sojabone en indien daar moeilikhede in terme van produksie in een van hierdie lande is, kan dit lei tot goeie prysondersteuning. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel om laer af te sluit vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die nuutste maandelikse SAGIS syfers word volgende week bekend gestel en dit sal belangrike inligting wees rakende die perspektiwiteit van sojabone en sal 'n goeie aanduiding gee van die verwagting vir die seisoen.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmarkte het meestal ondersteuning gevind gister en het hoër verhandel, hoofsaaklik as gevolg van goeie koopseine op die tegniese grafieke, kort posisie verskansings en ook die verslae van ongunstige weerstoestande uit Australië wat die Australiese produksie vir die seisoen tot en met 10% verminder. In die VSA het die SRW, HRW asook die lengtekoring sterker verhandel, om hoër af te sluit. Die handelsverwagtinge vir vandag se weeklike uitvoerverkope, is dat die uitvoere vir die week effens laer behoort te wees as verlede week se weeklike uitvoere. Die weeklike verslag word later vandag deur die USDA bekend gemaak. In die globale konteks is daar steeds groot hoeveelhede koring beskikbaar met die wêreldvoorraadvlakte wat vir die seisoen op net oor die 260 miljoen ton geskat word. Die groot wêreldvoorraadvlakte met min veranderinge in enige ander fundamentele nuus hou die internasionale koringpryre teen relatief lae vlakte. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister gemeng verhandel met goeie koopkrag wat gesien was op die September kontrak en dié het R120/ton hoër gesluit terwyl die Desember byna onveranderd tot effens laer gesluit het. Die huidige plaaslike koringvoorraadvlakte is laag en die tempo van invoere is ook stadierg as die tempo wat benodig word om te verhoed dat die eindvoorraad aan die einde van die bemarkingsjaar laer as ten minste 6 weke se voorraad daal. Groot invoere sal in die laaste twee weke van die bemarkingsjaar gesien moet word om by hierdie voorraadvlakte uit te kom. Daar is egter baie onsekerheid rakende die hoeveelheid koring wat ingevoer gaan word in die volgende twee maande om die gaping van die voorrade te dek voor die plaaslike stropery begin.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.co.za](http://www.usda.co.za)

Opgestel deur Michelle Mokone and Luan van der Walt/Vir navrae, kontak: [Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za)/[Luan@grainsa.co.za](mailto:Luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

